

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSMETODES EN –ONTWERP

3.1 INLEIDING

In Hoofstuk twee is enkele aspekte rakende privaatskole uit die literatuur omskryf. Daar is spesifiek gekyk na privaatskole as 'n duur opsie. Verskeie aspekte wat privaatskole 'n duurder opsie as staatskole maak is uitgelig, asook aspekte rakende die befondsing van privaatskole.

Aangesien daar baie min literatuur oor privaatonderwys in Namibië beskikbaar is, moes eers vasgestel word wat die werklike situasie in Namibië onder die Christelike Afrikaanse Privaatskole is, sodat 'n kennisbasis daargestel kon word. Dit is deur middel van 'n vraelys gedoen. Hierdie vraelys het gefokus op getalle (leerlinge en personeel), die beheerliggaam, die befondsing, die aanwending van die fondse en ook die rol van die skoolhoof as skoolbestuurder ten opsigte van die finansiële bestuur in die skole.

Hierdie studie het ten doel om 'n strategie vir skoolbestuurders vir die bestuur van finansies van Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië te ontwikkel. Maar alvorens daaraan aandag gegee kan word, moet die konstruksie en administrasie van die opname eers uiteengesit word.

3.2 ONTWERP EN GEBRUIK VAN DIE VRAELYS

In hierdie navorsing is geen oorsaak-gevolg verwantskap ondersoek nie en daar is ook geen toestand gemanipuleer nie. Hierdie studie behels die beskrywing van 'n situasie, die bepaling van verbande en die daarstel van 'n algemeen geldende oplossing. Hiervoor is die opname as navorsingmetodiek uiters geskik.

As vertrekpunt vir bespreking moes die huidige status van finansiering in Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië omskryf word. Aangesien daar geen inligting hieroor in die literatuur beskikbaar is nie, moes die nodige inligting van die privaatskole verkry word. Die uiteindelige doel is om 'n kennisbasis te ontwikkel waaruit 'n algemene konteks-vrye strategie daargestel kan word. Die spesifieke instrumente wat gebruik is, is vraelyste en persoonlike onderhoude.

Die vraelys is dikwels "*the best form of survey in an educational enquiry*" (Niehaus in Hoberg 1999: 175) en dit is "*the most widely used technique for obtaining information*" (Schumacher & McMillan 1993: 238). Vir hierdie studie is die vraelys gebruik aangesien:

- daardeur met al die Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië geskakel kon word, ongeag die geografiese verspreiding van die skole.
- die inligting wat benodig is nie in die literatuur beskikbaar is nie.
- die primêre doel van die vraelys is om algemene ooreenkomste en tendense ten opsigte van finansiële bestuur by die betrokke skole te identifiseer, wat weer as wegspringpunt vir die verdere navorsing kan dien.
- dit koste-effektief is.

Geldige en betroubare resultate is baie belangrik. "*Whichever method of information gathering is selected, the aim is to obtain answers to the same questions from a large number of individuals to enable the researcher not only to describe, but also to compare, to relate one characteristic to another and to demonstrate that certain features exist in certain categories.*" (Bell 1993: 11) Die daarstel van 'n algemeen geldende finansieringstrategie is net moontlik indien die resultate van die studie werklik geldig en betroubaar is. Dit is verseker deurdat die vrae op die vraelyste vir alle respondente dieselfde betekenis het, deurdat die vrae vooraf deur middel van 'n toetsonderhoud getoets is en deurdat deurgaans gepoog is om onafhanklik van die navorsingonderwerp te staan sodat die feite objektief en waardevry bepaal en verwerk kan word.

3.2.1 Teikengroep

Die teikengroep is geïdentifiseer as skole wat onafhanklik van die staat bestaan, wat deur 'n nie-regeringsgroep bestuur word, wat nie deur die staat gefinansier word nie, waarvan die grondslag Christelik-Gereformeerd is en Afrikaans as die onderrigmedium het. Geen onderskeid is tussen laerskole en hoërskole gemaak nie, aangesien dit nie vir die doel van hierdie studie belangrik was om verskille of ooreenkomste tussen laerskole en hoërskole uit te lig nie, maar veral aangesien die meeste van die Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië beide laerskool en hoërskool is, met ander woorde vanaf Graad 1 tot Graad 12. Die vraelys is aan die skoolhoofde van al hierdie skole gestuur met die versoek om dit volledig te voltooi.

3.2.2 Identifisering van kernaspekte

Hierdie studie is van beperkte omvang en die doel daarvan is om 'n algemene konteksrye finansiële strategie daar te stel. Die studieterrein is daarom beperk tot slegs die finansiële bestuur van die skole as bestuursterrein.

Die spesifieke sake wat in die vraelys opgeneem is sentreer om:

- algemene besonderhede soos aantal leerlinge en personeel, die gebruik van koshuisfasiliteite al dan nie. Hierdeur kon onder andere bepaal word hoeveel leerlinge in Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië skoolgaan, aangesien hierdie statistiek in geen amptelike bron van die Ministerie van Basiese Onderwys en Kultuur in Namibië weergegee word nie.
- die beheerliggaam sodat duidelikheid verkry kon word of alle Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië wel oor sodanige liggame beskik en wat die rol en funksie van hierdie liggame by die onderskeie skole is.
- die befondsing en die aanwending van die fondse. Hierdie inligting kan met die inligting in die literatuur vergelyk word en hieruit is dit ook duidelik hoe die onderskeie Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië te werk gaan om hulle begrotings te laat klop.
- die rol van die skoolhoof as skoolbestuurder ten opsigte van die finansiële bestuur in die skool sodat finansiële bestuur by die onderskeie skole vergelyk kan word.

3.2.3 Die samestelling van die vraelys

Die vraelys is met groot sorg saamgestel ten einde te verseker dat die teikengroep nie probleme met die voltooiing daarvan ondervind nie.

'n Deeglike literatuurstudie is eers gedoen en kernaspekte waaroor meer inligting nodig is, is identifiseer. Daarna is vrae opgestel wat hierdie spesifieke aspekte sal belig.

Die konsep vraelys is daarna aan 'n skoolhoof voorgelê. Op grond van sy kommentaar is die vraelys hersien. Sommige vrae is weggelaat, sommige is herstruktureer en ander is onveranderd gelaat. Die uitleg en duidelikheid van elke vraag is ook met die skoolhoof bespreek.

Spesifieke aandag is aan die doel en waarde van elke vraag gegee sodat verseker kon wees dat die vraelys wel toets wat getoets moes word.

Oop en geslote vrae is gebruik. Twee tipes geslote vrae is gebruik, naamlik ja / nee vrae en vrae met verskeie opsies. Tussendeur is heelwat oop vrae gebruik waar die respondent geleentheid gehad het om meer detail inligting te verstrek en selfs inligting te verskaf wat tot nuwe insigte kon lei.

Die vrae is gegroepeer om 'n logiese orde en struktuur daar te stel. Elke vraag is deeglik gekonstrueer sodat dit nie onduidelik of dubbelsinnig sal wees nie. Daar is gepoog om slegs een aspek in 'n vraag in te sluit. Spesifieke aandag is aan eenvoud en taalgebruik gegee. Dit is een van die moeilikste aspekte van vraagstelling. Dit gebeur dikwels dat vrae wat vir die navorser duidelik en eenvoudig lyk, vir die respondent vaag en verwarrend is. Met die hulp van 'n goeie taalonderwyseres is hierdie probleem uitgeklaar.

Dit is belangrik dat elke vraag relevant tot die ondersoek moet wees en daarom is gepoog om slegs vrae wat 'n direkte bydrae tot die studie sal lewer, in te sluit. Elke vraag is gevolglik relevant ten opsigte van een of meer van die sleutelaspekte wat identifiseer is.

Verskeie vrae wat sensitiewe inligting versoek is ook ingesluit. Dit is vrae waar spesifieke bedrae (skoolfonds, skenkings, ander wyses van fondsinsameling) gevra is. Hierdie vrae is spesifiek tydens die voortoets met die skoolhoof bespreek en is besluit om dit wel in die vraelys in te sluit, aangesien die inligting wat verlang word op geen ander wyse beskikbaar is nie en daar dus nie op 'n ander wyse 'n breër kennisbasis hieromtrent saamgestel kon word nie. Met die sensitiewe aard daarvan in gedagte is ook besluit dat die diskresie van die respondent in die beantwoording daarvan aanvaar sal word. Slegs een skoolhoof het uiteindelik op grond van die sensitiewe aard van die inligting wat verlang is, nie die vraelys voltooi nie. Hierdie skoolhoof het wel telefonies die huidige skoolfonds deurgegee.

Die vraelys is aangeheg as Bylae A.

3.2.4 Voortoets

Na die informele kritisering van die vraelys is dit ook noodsaaklik om die vraelys te toets deur "*a sample of subjects with characteristics similar to those that will be used in the study. The administration should be about the same as that to be used in the study.*" (Schumacher & McMillan 1993: 249). Sodoende word verseker "*how long it takes recipients to complete them, that all questions and instructions are clear, that any items which do not yield usable data are removed.*" (Bell 1993: 84) en dat die vraelys wel toets wat die navorser graag wil toets.

Die finale vraelys is gevolglik aan 'n skoolhoof voorgelê met die versoek om dit volledig te voltooi. Hy is versoek om spesifieke kommentaar ten opsigte van die inhoud en geskiktheid van die vrae asook die lengte van die vraelys en die taalgebruik te lewer. Op grond van sy kommentaar is hierna geen verdere wysigings aan die vraelys aangebring nie.

3.2.5 Finale administrasie

Die finale vraelys is aan die skoolhoofde van al die Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië gestuur. 'n Kort begeleidende brief waarin die doel en die belang van die navorsing verduidelik is, is ook ingesluit. Hierdie vraelyste is op 29

Julie 2002 uitgestuur. Opvolging is telefonies gedoen. Alle skole wat glad nie reageer het nie, is in September 2002 telefonies geskakel en van elke skool is die aantal leerlinge en die huidige skoolfonds verkry.

3.2.6 Terugvoering

"A well planned postal survey should obtain at least a 40% response rate ..." (Niehaus in Hoberg 1999: 177). Volgens Schumacher en McMillan (1993: 282) varieer hierdie syfer tussen 40% en 60%. Hieruit blyk duidelik dat die persentasie terugvoering nie altyd baie hoog is nie. *"This rate is higher for short questionnaires of obvious importance and lower for long questionnaires on obscure topics."* (Schumacher & McMillan 1993: 282) Bell (1993: 86) verwys na die bewoording van die begeleidende brief, duidelikheid ten opsigte van die datum waarop die voltooië vraelyste teruggestuur moet wees asook die lengte van die tydperk wat vir beantwoording van die vraelys toegelaat word as moontlike oorsake vir 'n lae terugvoer persentasie. Met herhaalde opvolgings kan hierdie persentasie verhoog.

In hierdie studie is 45,5% terugvoering ontvang, dit is vyf uit die elf skole. 'n Hoër persentasie terugvoering is verwag. Redes vir hierdie laer as verwagte persentasie terugvoering kan daarin geleë wees dat sommige skole vakansie gehad het toe hulle die vraelyste ontvang het en dit dus "vergeet" is of dat die vraelyste "te laat" teruggestuur sou wees en daarom nie voltooi is nie. Ander skole is baie klein en weg so om oorlewing dat die vraelys nie op hierdie stadium vir hulle prioriteit is nie.

Alle skole wat nie reageer het nie is wel telefonies gekontak en van alle skole is die presiese aantal leerlinge verkry asook die skoolfonds wat vir 2002 per leerling betaal word. Ten opsigte van hierdie twee aspekte van die vraelys is 'n 100% terugvoering dus bekom.

Hoewel die terugvoering dus relatief swak was, is voldoende inligting verkry vir die beskrywende aard van hierdie ondersoek. Redelike ooreenkomste en tendense kon bepaal word terwyl vergelykings ook gemaak kon word. Die opname het gevolglik 'n bruikbare basis vir die verdere ondersoek gelewer.

3.3 PERSOONLIKE ONDERHOUDE

Persoonlike onderhoude is met die skoolhoofde van geselekteerde skole gevoer. Slegs twee privaatskole, dit is skole wat laerskool en hoërskool afdelings het, naamlik Tsumeb Gimnasium en Privaatskool Elnatan, is hierby betrek.

'n Persoonlike onderhoud is gekies aangesien dit baie buigbaar en aanpasbaar is en "*responses can be probed, followed up, clarified and elaborated to achieve specific accurate responses.*" (Schumacher & McMillan 1993: 250)

Aangesien die grootste nadele van persoonlike onderhoude in "*its potential for subjectivity and bias*" (Schumacher & McMillan 1993: 251) geleë is, is dit veral belangrik om betroubaarheid van resultate te verseker. Dit is gedoen deur die onderhoude aan die hand van 'n vooraf bepaalde onderhoudskedule te voer. Die onderhoudskedule is eers saamgestel nadat die data verkry vanaf die vraelys aan alle privaatskole, verwerk is. Dieselfde onderhoudskedule is by altwee skole gebruik ten einde te verseker dat die inligting op dieselfde wyse verkry word.

Die onderhoude was dus gestruktureerde onderhoude. Oop vrae eerder as geslote vrae is gebruik, aangesien oop vrae meer buigbaar is en "*they allow the interviewer to probe so that she may go into more depth, or to clear up any misunderstandings; they enable the interviewer to test the limits of the respondent's knowledge; they encourage cooperation and help establish rapport; and they allow the interviewer to make a truer assessment of what the respondent really believes.*" (Hoberg 1999: 85) Oop vrae lei dikwels tot onverwagte response wat nuwe hipoteses na vore kan bring of nuwe verwantskappe kan uitlig.

Die onderhoudskedule wat vir die persoonlike onderhoude gebruik is, is as Bylae B aangeheg.

3.4 VERWERKING EN AANBIEDING VAN DATA

Aangesien die teikengroep baie klein is, is alle response op die vraelys bloot gelys en data soos skoolfonds is getabuleer. Geen statistiese verwerkings van data is gedoen nie. Die response wat ontvang is, is saamgevat in Hoofstuk vier.

In die analise ten opsigte van finansieringstrategieë en aanbieding van die inligting is eerstens op ooreenkomste gefokus, en daarna op suksesvolle strategieë. Hieruit is gepoog om 'n algemene strategie daar te stel.

Aan die hand hiervan is 'n onderhoudskedule vir die persoonlike onderhoude saamgestel. Die response van die persoonlike onderhoude is gebruik in die opstel van gevolgtrekkings en die daarstel van 'n algemeen geldende strategie. Hierdie verwerkings is in Hoofstukke vier en vyf van hierdie dissertasie van beperkte omvang gedoen.

3.5 SAMEVATTING

Daar bestaan geen navorsing oor Christelike Afrikaanse Privaatskole in Namibië nie en daar is ook geen databasis ten opsigte van die finansiering van hierdie skole nie. Daar is dus in hierdie studie gebruik gemaak van 'n vraelys wat aan al hierdie skole gestuur is ten einde 'n databasis te ontwikkel. Ten spyte van die probleme wat navorsers dikwels met vraelyste van hierdie aard ondervind, was die vraelys as instrument vir die doel van hierdie ondersoek as geskik geag. Daardeur kon inligting bekom word wat nêrens anders beskikbaar is nie en kon op 'n koste-effektiewe wyse terugvoering van die skole ontvang word ten opsigte van die finansiering van elke skool. Hierdie inligting is dan gebruik om ooreenkomste en tendense te bepaal waaruit moontlike strategieë ontwikkel is.

'n Onderhoudskedule is hierna opgestel wat in 'n persoonlike onderhoud met twee skoolhoofde gebruik is. Die doel van die persoonlike onderhoude was dan ook om 'n strategie voor te stel en die haalbaarheid daarvan te ondersoek. Hierdie bespreking

word in Hoofstuk vyf gedoen, terwyl die volgende hoofstuk sal fokus op die terugvoering wat van die verskillende skole op die vraelys ontvang is.